ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 72 Nr. 2

2de Kwartaal, 2024

VCHO
70
2019



“Hoor, Israel, die Here onse God is ’n enige Here”

Uitkomste van die Onderwys in Krisis-seminaar

IN DIE SKRIFLIG

Calvyn – Die genadeloon laat ons hoop

Matt. 20:8-16

"... en die hoop beskaam nie want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het" – Rom. 5:5

Wanneer die Here sê dat Hy die werke wat Hy voorheen uit genade geskenk het, ten goede reken, mislei en bespot Hy ons nie. Dit is sy wil dat ons deur die goeie werke geoefen moet word terwyl ons besig is om te strewe na verwesenliking, of (as ek dit so mag stel), die genieting van sy beloftes. Hy verlang ook dat ons in dié goeie werke sal wandel om sodoende te streef na die geseënde hoop wat vir ons in die hemel gereed lê. As 'n mens hierop let, kan jy sê dat die vrug van die belofte ook tereg aan die goeie werke toegeskryf kan word. Daardeur word dit tot rypheid gebring.

Die apostel het hierdie twee gedagtes keurig uitgedruk toe hy gesê het dat die Kolossense hulle toegelê het op die werke van liefde, ter wille van die hoop wat vir hulle in die hemel weggelê is ...

Maar die Here het hulle 'n gelykenis vertel, sodat hulle nie sou meen dat die loon wat die Here beloof het, volgens verdienste bepaal word nie (Matt. 20:1 e.v.). Daarin stel Hy Homself voor as die eienaar wat almal wat Hy ontmoet na die wingerd stuur om dit te bewerk – sommige vanaf die eerste uur van die dag, ander vanaf die tweede, ander vanaf die derde, en sommige selfs ter elfder ure. Die aand het hy aan almal dieselfde betaling gegee. 'n Ou skrywer verklaar die gelykenis so: "Hy het nie volgens die arbeid beloon nie, maar Hy het die rykdom van sy goedheid op hulle uitgestort wat Hy sonder die werke verkies het. So is dit aan diegene wat geswoeg en gesweet het (en nie meer as die laastes ontvang het nie) aan die verstand gebring dat hulle genadeloon ontvang het – nie betaling volgens hulle werke nie."

Inst. III, 18, 3

Gebed: Here, ons dank U dat ons loon ontvang omdat U Christus liefhet en beloon.

IN HIERDIE UITGAWE

In die Skriflig	bl 2
Redaksioneel	bl 3
Die doopbelofte, die gesin en die onderwys	bl 4
Die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys se werk t.o.v. ons verbondskinders en tot eer van God	bl 5
Marxistiese Opvoedkunde en die Christelik-reformatoriese antwoord	bl 6
Christelike onderwys en ouers se mandaat	bl 10
Tuisonderwys: 'n Bybelse en beter alternatief	bl. 12
'n Evaluering van die heersende stand van onderwys vanuit Reformatoriese perspektief	bl. 14
Finansiële bydraes aan VCHO: beroep op lede	bl. 20

Redaksioneel

Hugo Hayes

Die Onderwys in Krisis-seminaar is op 12 April 2024 te Pretoria aangebied, met die medewerking van die volgende instansies:

Pactum-instituut
Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys
Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
Tuisonderwysbeweging
Afrikaanse Protestantse Akademie

Terwyl die onderskeie bydraes in beeld en klank opgeneem en per skakel beskikbaar is, is dit goedgedink om getranskribeerde weergawes in hierdie uitgawe van ons blad in te sluit, ter wille van ons leserspubliek en ook as 'n getuienis van die VCHO se volgehoue verbintenis tot die uitlewing van Christelik-gereformeerde onderwys.

Die seminaar is aangebied midde-in 'n tyd waarin die onderwys in Suid-Afrika in die branding verkeer, vanweë verskeie redes. Daar is die probleem van onbetrokkenheid, waar maar geleidelik afstand gedoen is/word van die primêre verantwoordelikheid van die verbondsgesin. Daar word geredeneer dat dit alles maar goedskiks aan die skool en kerk oorgelaat kan word. Ouerseggenskap t.o.v. die opvoeding/onderwys het in die proses 'n gestadigde maar ongetwyfelde agteruitgang beleef.

Daar sou geargumenteer kon word dat inspraak, veral wat die openbare onderwys betref, darem nog d.m.v. die verkose beheerliggame behou word. Indien egter gelet word op die beleid sedert die politieke oorgang in Suid-Afrika, met die magsbeheptheid van die regerende politieke party tot met die afgelope verkiesing, is dit duidelik die bedoeling dat die openbare onderwys almeer in die Departement van Onderwys gesentraliseer wil word. Daarom ook die onlangse promulgering van die Bela-onderwyswet. Daardeur sal die onderwysowerheid in staat gestel word om die besluite van beheerliggame oor kernaspekte soos godsdiensonderrig, die onderrigtaal en die toelatingsbeleid effektief te kan oorheers.

Dit is sedert die politieke oorgang, alles deel van die regerende politieke se ideologiese strewe om beheer oor die onderwys te verkry. Die uiteindelike oogmerk is dat die onderwys onder die vaandel van die neo-Marxisme gebring word, met vernietigende gevolge vir die Christelike godsdiens, kultuur en wetenskap en Afrikaner-identiteit.

Die seminaar is aangebied om die heersende stand van onderwys in Suid-Afrika onder die loep te neem en die bedreigings vir die onderwys te bespreek. Verder, dat alternatiewe onderwysmodelle in die Christelik-gereformeerde tradisie opnuut weer bekendgestel word. Alternatiewe onderwysmodelle op Christelike lees geskoei, was behandel, ten einde aanvaarbare uitweë uit toenemend staatsbeheerde onderwys voor te hou en sodat keuses weg van gesekulariseerde onderwys gemaak kan word.

Ons dank en waardering word ten slote uitgespreek teenoor die Gereformeerde Gemeente van Wonderboompoort wat die seminaar gehuisves het.

Doel van die VCHO
Die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap.

Missie van die VCHO
Om, deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk.

Grondslag van die VCHO
Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

Die doopbelofte, die gesin en die onderwys

Deur Pieter van Deventer,
tydens die Onderwys in Krisis-seminaar te Pretoria

Inleiding

Waarom moet jy omgee oor die opvoeding van jou kinders? Waarom moet jy omgee oor die verpligte LGBTQIA+ oriëntasie wat die staat in laerskoolkinders se kele wil afdruk? Waarom moet jy omgee oor die voorgestelde BELA-wysigingswetontwerp? Waarom moet jy omgee oor enige hiervan?

Die kort antwoord is in die doopbelofte. Die langer antwoord is hierdie artikel (wat gaan oor die doopbelofte). As jy ooit ’n kind gedoop het, het jy hierdie belofte voor God afgelê: Dat jy as ouer of voog, die kind na die beste van jou vermoë sal onderrig en laat onderrig in “dié leer”. Om hierdie belofte beter te verstaan wil ek drie sake verduidelik:

1. Wat is “dié leer”?
2. Wat sê die Bybel?
3. Wat is ons visie?

1. Wat is “dié leer”?

“Dié leer” waarin jy belowe het om jou kind te onderrig en te laat onderrig, is volgens meeste doopformuliere ’n verwysing na die hele Skrif, soos dit saamgevat word in die Gereformeerde belydenisse. Ek wil hier, kortliks, 5 aspekte van hierdie leer in die kollig plaas:

1. Hierdie leer is allesomvattend.
2. Hierdie leer is Christosentries.
3. Hierdie leer is eksistensieel.
4. Hierdie leer is die hoogste waarheid.
5. Hierdie leer vloei uit na o.a. wiskunde.

Ek hoef dit nie eers te sê nie, maar net om ekstra seker te maak ons is op dieselfde bladsy: Die dinge wat ons Marxistiese ANC-regering vir jou kinders in die staatskole wil leer is glad nie versoenbaar met hierdie leer nie. Inteendeel, dit is onversoenbaar met die leer van die Bybel, wat saamgevat word in die Gereformeerde belydenisskrifte.

2. Wat sê die Bybel?

Om te verstaan wat die Bybel sê oor die saak van kinders en onderwys moet ons begin by die begin: Die begin van die storie (verhaal) wat die Bybel vertel. Hierdie storie (verhaal) begin met God wat mense skep en aanstel as konings en koninginne oor die aarde. Hulle moet oor die aarde heers. Ek besef dit is kontroversieel vandag, maar basies sê God vir hulle dat hulle koloniste moet wees (dit is waarop die kultuuropdrag van Gen. 1:28 op neerkom).

Dit is baie duidelik dat hulle hierdie opdrag sal uitvoer saam met die opdrag om te vermeerder deur kinders te kry. Kultuur en gesin gaan hand aan hand. Kolonialisering en kinders gaan hand aan hand. Heerskappy en vrugbaarheid gaan hand aan hand. Hierdie aarde moet ontwikkel word tot eer van God, en kinders is die manier waarop dit gedoen moet word.

Ons Marxistiese owerheid probeer om jou kinders weg te steel, want hulle weet dat daardie kinders gevaarlik is vir húlle projek. Kinders is goeie ammunisie teen die vyande van God (Ps. 127:3-5). En ons wêreld weet dit.

Hier is dan ons rol op aarde: Om die kultuuropdrag uit te voer: Om God se koninkryk te bou deur dissipels te maak en kinders te kry en hulle groot te maak in die vrees van die HERE. Dit is ons taak, dit is die belofte wat ons aflê by die doop en dit is die ding wat

ons wêreld nagmerries gee. Dit is die stryd wat ons moet stry.

3. Wat is ons visie?

Ons moet onsself egter afvra met watter visie ons hierdie stryd moet aanpak. Wat is die visie wat die Skrif vir ons uiteensit? Die antwoord is: ’n Baie optimistiese visie! En ’n baie langertermyn visie as waarmee ons gewoonlik werk.

Deuteronomium 7:9 verklaar: “Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.” Dink net vir ’n oomblik daaraan en laat dit insink: God beloof om getrou te bly in duisend geslagte.

Ek is natuurlik heeltemal bewus van die feit dat die “duisend geslagte” heel moontlik simboliese taal is. Maar meeste van die simboliese werklikhede in die Skrif is simbolies van groter werklikhede. As ons dus hoor van ’n duisend geslagte hier moet ons eerder geneig wees om te dink dat God dalk getrou sal bly vir langer as dít en nie korter as dít nie.

Vervolg op bl. 5

Die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys se werk t.o.v. ons verbondskinders en tot eer van God

Deur George Bester, tydens die Onderwys in Krisis-seminaar te Pretoria

Die ontstaan en visie van die BCVO

Mnr Bester het sy referaat begin deur te wys op die vakuum wat in die onderwys ontstaan het. Ouers het maar doodluiters met die veranderinge wat sedert 1994 in Suid-Afrikaanse onderwys ingetree het meegegaan, sonder om krities daaroor te wees. Dit kan grootliks gewyt word aan ’n gebrekkige vertroudheid met die inhoude van ons Gereformeerde Belydenisskrifte.

Die Beweging vir Christelike Hoër Onderwys (hierna BCVO) het egter reeds 30 jaar gelede die antwoorde begin soek vir Bybels-verantwoordbare onderwys. Dit is te danke aan Christelike leierskap in die BCVO-geledere. Daar was gevolglik ’n begin gemaak met die ontwikkeling van ’n verrykte kurrikulum, wat die antwoorde moes verskaf vir so ’n verantwoordbare onderwysmodel.

Tans bestaan daar 30 skole binne die BCVO waarby die verrykte kurrikulum sy beslag gekry het. Dit gaan wesenlik daaroor dat daar ’n perspektief op Bybelse waarheid aan verbondskinders oorgedra en tuisgebring moet word. Die uitdagings moet hanteer word. Wat 100% vasstaan is dat ons kinders eendag voor God-Drieënig sal staan, in teenstelling met ander oorwegings soos byvoorbeeld sport, as beweegrede vir die keuse van ’n onderwysmodel.

Die Bybelse begronding van die onderwys

Die aandag is derhalwe baie sterk op die doopouer se betrokkenheid gevestig. Dit is sodat die regte grondslae in ons kinders se lewens gevestig word. Ons sou ons kon verweer oor goeie skole buite die BCVO-verband, maar waar ons kinders aan sekulêre ideologie uitgelewer is. Dit gaan dus oor ouerlike verantwoording t.o.v. die welwese van hulle kinders. Die vertrekpunt is dat daar op onderwys gestaan sal word, wat as vertrekpunt die Woord van God het, met verwysing na o.m. die teksdeel: “As die Here die huis nie bou nie, ... tevergeefs...” Ouerlike verantwoordelikheid durf nie gesystap word nie.

Dit gaan vir die BCVO ten diepste oor die gereformeerde begronding van die onderwys binne die konteks van die verbondseise. Daartoe moet die geskikte omgewing vir sodanige onderwys geskep word. Mnr. Bester het ondermeer verwys na ’n besluit wat hulle as gesin

geneem het dat hulle kinders Christelike onderwys sal ontvang. Dit het baie uitdagings gestel, maar die positiewe verskil kan duidelik gesien word.

Die belang van leierskap

Daar is vervolgens oor die baie belangrike kwessie van leierskap gepraat. Daarby word ingesluit die onderwyser, die ouers en selfs die grootouers; lg. wat steeds ’n belangrike rol te vervul het. Primêr staan die besluit van die verbondsouers oor watter onderwys aan hulle kinders gebied moet word, wat by die opvoeding in die ouerhuis aansluiting moet vind. Daar is ook op die rol van die kerk gefokus, wat eweneens ’n verantwoordelikheid het. Maar daar heers ’n vreemde stilte. Daar word wel na gereformeerde kerke

Vervolg op bl. 9

Vervolg van bl. 4: **Die doopbelofte, die gesin en die onderwys**

Hier is die kort en die lank van die saak: Ek weet nie hoe lank die toekoms voor ons lê nie. Ek weet nie wanneer dit Jesus behaag om weer te kom nie. Maar die verwagting van die Skrif is dat ons moet werk met ’n langtermyn visie. ’n Visie waarin die aarde stadig maar seker besig is om vol te word met die heerlikheid van die HERE (Jes. 11:9). ’n Visie waar God getrou bly tot in die duisendste geslag. En onthou maar, ’n duisend geslagte is min of meer 30 000-40 000 jaar.

Samevatting

Ons moet weer teruggaan na die Bybel en onsself opnuut afvra wat die Bybel ons leer oor kinders, onderwys en die visie waarmee ons die stryd vir ons kinders en die onderwys stry. Hierdie artikel is niks meer nie as ’n kort opsomming van ’n praatjie wat ek oor die saak gedoen het. Vir ’n meer in-diepte bespreking van hierdie saak, luister gerus na die oudio-weergawe van die praatjie.

Marxistiese Opvoedkunde en die Christelik-reformatoriese antwoord

Deur dr Adi Schlebusch, tydens die Onderwys in Krisis-seminaar te Pretoria

Die onderwerp van my lesing behels, soos julle sien, twee aspekte, eintlik twee wêreldbeskouings wat lynreg teenoor mekaar staan en, soos ek hoop om aan te toon, ook in die opvoedkunde met mekaar onversoenbaar is.

Reformatoriese vs Marxistiese opvoedkunde

Ek praat dus nie vandag bloot oor Reformatoriese opvoedkunde nie. Indien my onderwerp Reformatoriese opvoedkunde was sou die struktuur van my lesing heeltemal anders gelyk het. Ek sou eintlik 'n meer volledige uiteensetting van die beginsels, doel, aard en historiese ontwikkeling van Reformatoriese opvoedkunde kon gee, maar ek het juis hierdie onderwerp gekies, omdat ek dink die behoefte van die dag en die konteks waarin ons ons nou bevind lê eintlik daarin dat ons die gevare waaraan ons kinders op skool en universiteit blootgestel word moet raaksien. Daarom gaan ek vandag eerstens praat oor Marxistiese opvoedkunde en eers 'n paar opmerkings daaroor maak voordat ek by die Reformatoriese antwoord kom.

Maar waarom wil ek dan juis oor Marxistiese opvoedkunde praat? Wel, soos ek sal uitwys; in hierdie lesing is die tipe opvoedkunde wat tans hoogty vier in ons openbare skole regoor die Westerse wêreld in 'n groot mate begrond in neo-Marxistiese ideologieë.

En om die redes hiervoor te verstaan wil ek net eerstens 'n oorsig gee oor die historiese opkoms van Neo-Marxisme, wat in wese nog altyd baie nou verbonde is aan die onlangse geskiedenis van moderne en postmoderne Westerse opvoedkunde self.

Herkoms en oogmerke van die Marxisme

Nou, Marx se idees het vir die eerste keer werklik volledig beslag gevind met die Bolsjewistiese rewolusie in Rusland in 1917, wat soos ons weet 'n baie gewelddadige en bloedige rewolusie was wat uiteindelik tot miljoene sterftes gelei het. Die ervaring van die Russiese rewolusie het Marxiste in die Weste laat besef dat hulle hoogswaarskynlik nie met so gewelddadige rewolusie enige sukses in lande soos Duitsland of Amerika gaan hê. Dit het 'n groep Duitse Marxistiese denkers, wat as die Frankfurt-skool bekend staan, genoop om 'n radikale verandering in strategie te bepleit. Let wel: nie 'n verandering van die beginsels of die oogmerke van Marxisme nie, maar bloot 'n strategiese herbesinning.

In plaas daarvan om 'n hele Christelike samelewing met geweld omver te probeer werp, het die Frankfurt-skool Marxiste besluit om geleidelik die instellings waarop ons beskawing gebou is, te infiltreer en Christelike kulture as 't ware van binne af te vernietig. Soos 'n trojaanse perd, was die bewuste strategie van neo-Marxiste die sistematiese infiltrasie van die media, kerke, skole en die vermaaklikheidsindustrie. Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu en die begin van hierdie eeu was hulle strategie so suksesvol dat die konserwatiewe Amerikaanse skrywers, Paul

Weyrich en William Lund, in 2009 die volgende verklaar het: "Marxists control almost every aspect of our society: the entertainment industry (which is the most powerful cultural force in America), music, fine arts, the media, the universities, the public schools, and even many churches."[1] Nou, terwyl dit natuurlik waar is dat Suid-Afrika tot en met die 1990s grootliks weens ons isolasie gespaar is van hierdie rewolusie, het hierdie proses wat reeds in die 1940s in Amerika begin het, ook die afgelope 30 jaar hier in ons land uitgespeel.

Marxistiese ideologie en onderwys in Suid-Afrika

Om julle 'n idee te gee van hoe ver dit reeds hier in Suid-Afrika gevorder het, wil ek julle op die volgende wys: nadat Yale Universiteit in Amerika teen die 1950s suksesvol geïnfiltreer was, het hul nuwe liberale rektor, Whitney Griswold, in 1959 'n toespraak waarin hy liberale opvoedkunde verdedig het verklaar: "Die stem van die mense is die stem van God."[2] Suid-Afrikaanse akademici het toe nog gesidder

1 Griswold, W. 1959. *Liberal Education and the Democratic Ideal and other Essays*. New Haven, CT: Yale University Press, p. 59.
2 Griswold, W. 1959. *Liberal Education and the Democratic Ideal and other Essays*. New Haven, CT: Yale University Press, p. 59.

vir die idee dat 'n voormalige Calvinistiese instelling so humanisties geword het dat dit die gesag van die mens as 't ware tot goddelikheid verhef. 'n Bietjie meer as 50 jaar later, in 2015, het die rektor van die Universiteit van die Vrystaat, my eie alma mater, in 'n publikasie geskryf: "Die Calvinistiese god is 'n gewelddadige, sektariese god ... hy is 'n rassistiese konstruksie."[3]

'n Gewelddadige, sektariese idee wat deur rassiste uitgedink is! Dit is hoe die rektor van een van Suid-Afrika se mees vooraanstaande universiteite die God van die Bybel beskryf.

Hierdie transformasie van die Universiteit van die Vrystaat vanaf 'n Christelike opvoedkundige instelling na 'n anti-Christelike instelling is tiperend van wat ook in ons Suid-Afrikaanse onderwys aan die gang is. Hierdie einste rektor is, interessant genoeg, ook 'n opvoedkundige. En via die universiteite se opvoedkundige fakulteite word skole sistematies geïnfiltreer met die agenda van die neo-Marxiste.

Wesenskenmerke van die Marxisme

Nou, om die kern van Marxistiese opvoedkunde te verstaan, moet ons die Marxistiese mensbeskouing verstaan. In die opvoedkunde werk ons immers by uitstek met mense. In die Marxistiese antropologie is die mens 'n natuurproduk, 'n ewolusionêre toevalligheid, eerder as iets of iemand wat deur God met 'n bepaalde doel, op 'n bepaalde plek, met 'n bepaalde agtergrond geskep is. Waar die mens in die Christelike beskouing 'n Godgegewe realiteit is, is die Marxistiese ideaal juis om die mens te bevry van alle Godgegewe werklikhede en strukture. Die mens moet vry kom van al hierdie sogenaamde 'bindinge' wat volgens die Marxistiese beskouing deur godsdiens op hom geplaas is.

As sodanig word dit die taak van die onderwyser in die klaskamer om die leerling te omvorm volgens die beeld van die ideale mens soos die humanisme dit voorstel. Die Calvinistiese filosoof, RJ Rushdoony, beskryf hierdie idee, ook bekend as *Tabula Rasa* soos volg:

> The concept of the mind as a clean tablet [has] dominated all thinking in the French Revolution and extended itself to the point of beginning again in the reckoning of time. It was basic to the thinking of the anarchists, Marxists such as Lenin and others ... It has provided the ideal for scientific thinking. The true scientist ostensibly wipes his mind free of all preconceptions and approaches his subject with a clean-tablet mind ... This scientific attitude is one of the great myths of modern times.[4]

Die idee agter Marxistiese opvoedkunde is dat die mens self betekenis en sin aan die werklikheid gee, eerder as dat die werklikheid Godgegewe is. En hierdie uitgangspunt het uiters destruktiewe gevolge. Dit vergestalt byvoorbeeld in die nuutste riglyne wat deur die onderwysdepartement daargestel is vir grondslagfase-onderwysers. Hierin word onderwysers aangemoedig om tradisionele "gender- en geslagstereotipes" uit te daag en kinders reeds van graad R af gemaklik te maak met die idee van transgenderisme. U sien, die mens se biologiese samestelling is 'n Godgegewe realiteit. Die feit dat ons 'n man of 'n vrou gemaak is, is iets waaroor ons nie self kon besluit nie. Dit is iets wat God bepaal het. Maar omdat die kern van die Marxistiese opvoedkundige uitgangspunt juis die herskepping van die mens is en die doel is om die mens van alle identiteit behalwe dit wat hy in die gesentraliseerde staat vind te beroof, daarom word elke Godgegewe verband afgebreek.

Die mens moet losgemaak word van elke band wat hom aan 'n familie, 'n volk, 'n geslag, 'n gemeenskap bind, sodat net die individu en die staat uiteindelik al is wat oorbly. Ja, daarom leer die lewensoriëntering kurrikulum in die staatskole ook ons kinders dat daar sonder die heffing van inkomstebelastings "geen dienste, paaie, hospitale, of skole" kan wees nie. Ja, wanneer die staat elke samelewingsverband suksesvol afgetakel het en gemeenskappe tot so 'n mate deur staatsabsolutisme vernietig is dat hy nie meer in staat is om hospitale, paaie en skole te bou en onderhou nie, en die staat die mense via belastings verarm, dan word hierdie Marxistiese ideaal waarin die mens sy heil in die staat soek natuurlik 'n selfvervullende profesie.

Ook die ewolusieleer waarmee kinders in staatskole geïndoktrineer word vervul 'n baie duidelike funksie in die Marxistiese opvoedkundige raamwerk. In die nuutste Lewenswetenskappe handboek vir graad 12's in openbare skole word die vraag na wat die mens as spesie is, soos volg beantwoord:

> Aangesien die mens, sjimpansees, gorillas en orangoetangs aan dieselfde Familie Hominidae behoort, verwys dit daarna dat elkeen van hulle 'n gemeenskaplike voorouer deel. Studies wys inderdaad dat die mens en die sjimpansee 'n gemeenskaplike voorouer het wat ongeveer 6 miljoen jaar terug geleef het ... Ongeveer 150 – 200 000 jaar gelede het die

Vervolg op bl. 8 en 9

3 Jansen, J. 2015. *Leading for Change: Race, Intimacy and Leadership on divided University Campuses*. London: Routledge, p. 101.

4 Rushdoony, RJ. *Intellectual Schizophrenia: Culture, Crisis and Education*. Vallecito, CA: Ross House, p. 3.

voorvaders van Homo sapiens (byvoorbeeld Homo erectus) ontwikkel tot Homo sapiens in die oostelike en suidelike dele van Afrika.[5]

Hierdie Darwinistiese beskouing dat die mens 'n evolusionêre natuurproduk is het ook beduidende sosialistiese politieke implikasies, aangesien die mens dan in wese as 'n produk van sy omgewing en dan ook sy politieke omgewing gesien word, eerder as die Christelik-Reformatoriese beskouing waar die politieke lewe voortvloei uit die kultuuropdrag van Genesis 1:28. Waar die Christelike opvoedkunde beoog om leerlinge toe te rus om die heerskappy van Christus op elke terrein van die lewe te laat geld, beoog openbare skole vandag die volkome herskepping van die samelewing volgens die humanistiese grondbeginsels van die staat. Die staat en die wet van die staat is soewerein, aangesien dit die raamwerk verskaf waarbinne politieke en evolusionêre 'menswording' geskied.

Reformatoriese opvoedkunde as antitese

Teenoor die Marxistiese opvoedkunde wat ons kinders goeie, gehoorsame, identiteitlose burgers van kommunistiese owerhede wil maak, staan die Reformatoriese opvoedkunde. Ons uitgangspunt is dat die leerling 'n Godgegewe identiteit het, en dat hierdie leerling 'n bepaalde familie- en kultuuragtergrond het wat Godgegewe is. Verder is elke kind ook met bepaalde talente geseën en sal die Reformatoriese opvoedkunde met erkenning van daardie talente, of gebrek daaraan, te werk gaan. Die Calvinistiese filosoof, Herman Dooyeweerd, wys dan ook uit dat die mens nie soos die liberales en Marxiste beweer, as 'n skoon vel of "clean tablet" die klaskamer betree nie. Nee, tesame met 'n familie- en kultuuragtergrond, begin beide die onderwyser sowel as die leerling met bepaalde kognitiewe voorveronderstellings nog voordat die onderrigproses begin. Dooyeweerd noem hierdie voorveronderstellings 'pre-teoreties' van aard en wys daarop dat die aard van menslike denke sodanig is dat hierdie pre-teoretiese fondasie noodsaaklik is vir enige sinvolle denke.[6] Die reëls van logika self is byvoorbeeld iets wat veronderstel moet word voordat enige sinvolle wetenskaps beoefening moontlik is. En logika self vind natuurlik 'n uiteindelike begronding in die *Logos*, d.i. Christus.

Die realiteit van feite as Godgegewe word egter misken deur die Marxistiese opvoedkunde. Die behaviouristiese opvoedkunde wat studente by die meeste Opvoedkunde fakulteite vandag leer, beoog dan ook om onderwysers toe te rus om betekenisgewend, eerder as betekenisontdekkend op te tree. Rushdoony beskryf hierdie behaviouristiese filosofie as een wat begrond is "in the idea of deliverance from meaning to method," met ander woorde, betekenis word verkry via die pedagogiese proses, eerder as wat Godgegewe feite ontdek word. Ware kennis word eintlik as't ware 'n onmoontlikheid met die Marxistiese opvoedkunde. Want u sien, as ons enigiets in die skepping bestudeer: die orde inherent aan wiskunde, die lewensiklus van 'n dier of plant, die geskiedenis, dan is dit nodig om 3 dinge te verstaan om die werklik aard van daardie werklikheid te begryp: eerstens die oorsprong van 'n realiteit, tweedens die aard van daardie realiteit, en derdens die doel van daardie realiteit. As met God nie rekening gehou word as die oorsprong en die doel van die elemente van ons skepping nie, en as Hy nie erken word as die een wat deur sy voorsienigheid sin aan skeppingswerklikhede gee nie, dan bly ware kennis van die werklikheid altyd 'n onmoontlikheid.

En ja, daarom, selfs al sou daar nog in ons land by openbare skole geopen word met Skriflesing en gebed, is dit belangrik vir ouers om te besef dat die uitgangspunte van die kurrikulum in wese ateïsties is en ten doel het om die kinders as't ware uit hul verbondsbedding uit te ruk en hulle by wyse van 'n humanistiese wêreldbeskouing as't ware wil de-humaniseer deur hom of haar as soewereine indiwidu te laat ontwikkel. En deur hierdie proses om die mens as soewerein daar te probeer stel gaan ware kennis noodwendig verlore, want die beginsel van kennis is die vrees van die Here (Spreuke 1:7).

Hierteenoor sien die Reformatoriese opvoedkunde altyd die leerling as nie in die eerste plek 'n staatsburger, of 'n gemeenskapslid of 'n Gen Z'er of wat ookal nie, maar as lid van 'n bepaalde gesin waarin God as Skepper en Onderhouer van die werklikheid daardie kind in sy voorsienigheid met 'n bepaalde doel geplaas het. In die hele Skrif, beide in die Ou en Nuwe Testament, word die opvoeding van kinders as 'n aangeleentheid beskou wat primêr binne die konteks van die gesin plaasvind. As ons byvoorbeeld kyk na die gebruik van die Pasga in die Ou Testament, dan het mense in gesinsverband oftewel uitgebreide familieverband, tydens die fees bymekaar gekom sodat die vader van die huis of die familiepatriarg aan die kinders die verhaal van God se verlossing uit Egipte kon vertel en dat hy hulle vanuit hierdie verlossingsverhaal

5 Departement Basiese Opvoeding, *Lewenswetenskappe Graad 12 Handboek*, 292, 319.

6 Dooyeweerd, H. 1935. *De wijsbegeerte der Wetsidee. Boek I: De Wetsidee als grondlegging der wijsbegeerte*. Amsterdam: HJ Paris: vi-vii.

in die Wet van die Here moes onderrig.

In die Bybel word kinders dan ook grotendeels beskou in die lig van die opvoeding wat hulle by hul ouers ontvang. Een van die kriteria wat in I Tim. 3:4 en Titus 1:6 vir ouderlinge genoem word is dat hulle kinders gelowiges moet wees wat hulle respekteer. En die rede hiervoor is natuurlik die feit iemand se kinders se gedrag dikwels iets sê van daardie persoon, juis omdat God ouers getaak het om primêr verantwoordelikheid vir hul kinders se opvoeding te neem.

Hierdie familie-sentriese opvoedkundige model wat ons in die Bybel vind het ernstige implikasies vir die aard van opvoedkunde as sodanig. Baie gereformeerde ouers verkies juis tuisonderwys vir hierdie rede, maar ook as dit by die Reformatoriese skool kom, skryf die Amerikaanse Calvinistiese filosoof, RJ Rushdoony, die volgende:

> There can be no neutrality in education. Education by the state will have statist ends. Education by the church will be geared to promoting the church. The school cannot be subordinate to either the church or the state ... Basic to the calling of every child is to be a member of a family. Virtually all children will some day become husbands and wives, and fathers or mothers. The state school is destructive to this calling ... The essential training for family life is family life and a family-orientated school and society.[7]

'n Familie-georiënteerde skool is wat Rushdoony hier bepleit. 'n Skool wat organies uit die verbondstruktuur van die familie groei. 'n Skool wat tot stand kom wanneer 'n "gemeenskap van families" oftewel 'n volk saamkom en die ouers van daardie families hul kinders in 'n skool sit wat 'n verlengstuk van die Christelike ouerhuis is. Die BCVO-skole is 'n uitstekende voorbeeld van 'n familie van skole wat hierdie beginsel uitstekend toepas.

Dit is immers alleen daar waar die skool organies uit die uitgebreide familiestruktuur oftewel die volk groei, waar skoolopvoeding in lyn met die Bybelse familie-gesentreerde paradigma kan plaasvind. Dit is alleen dan wanneer die doopbelofte vergestalt in die verbondskind wat onderrig in lyn met die Skrif ontvang in 'n verbondskool.

Ter afsluiting

Ter afsluiting die volgende: Ek het aan die begin van hierdie lesing genoem dat ek wil aantoon hoe die Marxisme ons opvoedkunde subtiel infiltreer het, en ek glo ek het daarin geslaag. Hierteenoor het ek beide die waarheid, sowel as die waarde van die Reformatoriese opvoedkunde beklemtoon.

Ek wil julle daarom met die volgende slotgedagte laat: te midde van die gevare van die Marxistiese opvoedkunde wat ons geslag bedreig, verteenwoordig die Reformatoriese opvoedkunde, juis omdat dit rekening hou met die feilbaarheid van die mens, die sonde, en die noodsaak sowel as die kosmiese implikasies van die verlossing van Jesus Christus, die enigste werkbare en konsekwente alternatief. Die opvoeding van ons kinders in die weë van die Here is nie net belangrik vir hul eie persoonlike saligheid nie, maar ook om hulle toe te rus om in die wêreld op te tree om elke sfeer van die lewe te onderwerp aan die heerskappy van Jesus Christus. Alleen wanneer dit gebeur kan 'n samelewing op die lange duur floreer tot eer van God en tot voordeel van die volk.

Vervolg van bl. 5: **Die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys**

van gereformeerde belydenis verwys, maar die kerk se stem is onbegryplik stil. Die kerke behoort baie meer betrokke te wees, ook in hulle getuienis vir Christelike onderwys.

Die diepere aard en betekenis van die opvoeding

In wese word in die BCVO daarop gestaan word dat die onderwys Calvinisties-gereformeerd moet wees en dat dit oor verbonds-onderwys in elkeen van die vakke sal gaan. Onderwysers word van handleidings voorsien waarin die voorligting vervat is oor hoe na die Bybel terugverwys moet word, en waarin Christus sentraal staan. Opvoeding gaan daaroor dat 'n totale Christelike lewensbeskouing by die leerling gevestig sal word. In hierdie verband is op die kenmerke van die gereformeerde begronding gewys:

- Daar word gestaan en geval by die onfeilbaarheid van die skrif.
- Die Bybel is in elke opsig waar en moet geglo word.
- Ons staan in onderworpenheid aan die gesag van die Skrif.
- Die Bybel het Goddelike gesag, aangesien dit God se spreke bevat.
- Die boodskap van genade deur die verlossingswerk in Christus is daarin vervat, soos deur Luther beklemtoon: "uit genade alleen".

Vervolg op bl. 11

7 RJ Rushdoony, *The Institutes of Biblical Law, Vol. 1* (Phillipsburg, NJ: Presbyterian and Reformed Publishing, 1973), p. 183.

Christelike onderwys en ouers se mandaat

Eerste vervolg op die bydrae van dr Bennie Aucamp ontvang

"... wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?" (Psalm 8:5)

Die implikasies vir die opvoeding/onderwysing van ons kinders rakende die gereelde toewyding tot God-Drieënig, soos dit gedurende die erediens behoort te vergestalt

1. En wie is ons? Ons is sondige mense, kinders van God. Ons is vergewe, maar ons is nie volmaak nie. Ons gedagtes dwaal steeds en ons word daagliks met sondige praktyke gekonfronteer. Daarom kom ons na die erediens en as deel van aanbidding bely ons in nederigheid ons sonde. Belydenis is 'n wonderlike gawe van God en aanbidding. Christene bely hulle sonde en bekering en geloof word daagliks hernu. Die daaglikse bekering deur daaglikse verootmoediging en berou en in gebed is 'n uitvloeisel van ons gesamentlike aanbidding tydens die erediens op Sondae. Belydenis van sonde is wonderlike bevryding wat plaasvind. Om belydenis van sonde in aanbidding te ignoreer of te weerhou, is om mense gevange te hou. Deur belydenis word ware vrede beleef en gevind.
2. Wanneer ons as gemeente, as geloofsgemeenskap, bymekaar kom in aanbidding, word 'n spesifieke liturgie (deur die voorhou van God se wet en die geloofsbelydenis) gevolg en leer God ons die onderskeid tussen sy wet en die evangelie. Dit is baie belangrik dat ons as God se kinders hierdie onderskeid ken. Ons leer eerstens deur God se wet wat nodig is om gered te word. Ons leer van God se streng standaard vir ewige gemeenskap met Hom, en ons leer ook dat ons nie daardie standaard kan handhaaf of kan nakom nie. Maar dan leer ons ook van die heerlike goeie nuus. Ons besef dat ons nie deur die wet verlossing kan verkry nie, met ander woorde ons kan niks doen of enige bydrae maak tot ons verlossing nie. Ons leer dat ons op grond van ons sondige natuur nie enige hoop het om redding te verkry deur die Wet te onderhou (deur werke/dade, liefdadigheid, en so meer) nie, maar dat ons alleen deur die evangelie dit kan verkry. Die goeie nuus? Deur die evangelie leer ons dat God vir ons deur Christus die pad na redding moontlik gemaak het deurdat Christus die volmaakte offer gebring het deur in ons plek die straf vir die sonde volkome te dra (Rom 8:3). Hierdie wete en sekerheid laat ons as gemeente in dankbaarheid deur gebed en sang juig vir die onuitspreeklike genade wat ons as God se kinders ontvang. Die offer wat ons nou uit dankbaarheid gee, is ons totale lewe, aan God gewy. In Romeine 12:1-2 word dit so gestel: "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is."
3. Nou weer terug na die vraag, naamlik, wat gebeur as ons aanbid? Dis hierdie vraag (soos na verwys hier bo) wat Jonathan Landry Cruse in sy boek aanspreek en wat hy

soos volg saamvat: "So what is happening when we worship? We stand before almighty God, the Judge, the one who gets the final say. We stand before Him and hear His laws read, and we recognize that we have broken them all. We are cosmic convicts. We stand condemned before this law. But then God pronounces the verdict: not guilty! We come to be joyfully assured of Christ's once-for-all sacrifice, which atones for all our sin and all our guilt. In the old covenant, the cleansing cycle of worship meant people had to actually enact ritual cleanliness, and this included a lot of blood. For us in our new covenant worship, we hear about blood, but we don't spill any. We hear about Jesus's blood, which has freed us from our sins (Rev. 1:5), ransomed us from bondage (1 Peter 1:18-19), cleansed us from unrighteousness (1 John 1:7-9), and brought us near to God (Eph. 2:13). What could be better than that?"

4. Kom ons gee aandag aan die prediking en die

woordverkondiging tydens aanbidding. Dalk is dit 'n vreemde gedagte vir sommiges, maar in ware prediking is Jesus Christus in der waarheid self aan die woord. God gebruik slegs die geroepe prediker as instrument om sy Woord te verkondig. Daarom is dit baie belangrik dat ons nie ons eie 'gelykenisse' en lessies en stories skep en gebruik asof dit ook God se Woord is nie. God se Woord is voldoende en om dit te probeer aanvul of selfs gelyk te stel met ander alternatiewe boodskappe is om werklik volgens my op baie dun ys te beweeg. So, waarmee is ons tydens prediking besig of waarmee hou ons ons besig? Probeer ons maar net die tyd omkry met ons eie gedagtes of selfs deur die selfoon se boodskappe te blaai? As Christus aan die woord is behoort ons mos ene ore te wees – gefokus. Christus is teenwoordig en Hy praat direk met ons as gelowige kinders van God. Dit mag dalk vergesog of vreemd klink, maar dis presies wat in hierdie deel van die aanbiddingsdiens gebeur. Dis die gepredikte woord wat ons vir God deur die krag van die Heilige Gees afsonder – sy kinders wat aan Hom behoort. Ons word hierdeur uit ons sondetoestand geroep tot verlossing in Jesus Christus alleen.

5. 'n Preek is nie 'n motiverings-praatjie nie. Dit is nie 'n seminaar wat handel oor selfhelp programme nie, of 'n geleentheid waar mense in hulle gehoor gestreel word en oor hulleself moet goed voel nie. Dit is 'n bonatuurlike oomblik waar God dooie mense uit die graf opwek. Dit is wat gebeur wanneer die Woord/Skrifte geproklameer en die evangelie gepreek en verkondig word. Dit is 'n wonderwerk en besef en herken ons die wonderwerk wanneer God se Woord gepreek/verkondig word? Bo en behalwe die feit dat die preek God se wesenskenmerke, bybelse geskiedenis en teologiese waarhede moet insluit, moet preke gepreek en gehoor word wat die evangelie bevat – die goeie nuus van Christus en die weg van verlossing.
6. Om saam te eet en feestelik te verkeer is 'n belangrike deel van aanbidding. Dis 'n gawe van God. God wil met sy kinders in gemeenskap tree en Hy wil saam met hulle feesvier. Dit is die toppunt van aanbidding en wat kan wonderliker wees as dat die heilige, almagtige Skepper van die heelal saam met ons in gemeenskap verkeer? Tog, vandat die sonde in die wêreld ingekom het, is dit net moontlik om met God in gemeenskap te wees deur die volkome werk van Jesus Christus. Ons kom na die tafel alleen deur die nuwe en lewende weg wat Christus vir ons deur sy lewe, dood, opstanding en hemelvaart bewerk het (Heb 10:20). Daarom noem ons hierdie aspek van ons aanbidding die sakrament van die heilige Nagmaal. Christus is self beide die gasheer en maal/ete. Ons kan nie die sakrament van die Nagmaal los van die evangelie verstaan nie. Die viering van Nagmaal is verseker die geleentheid waar ons weer opnuut in ons geloof versterk word, om ons weer te bemoedig en waar ons weer tot volharding op die geloofspad aangemoedig word. Maar boweal gaan die sakramente (met ingerip van die Heilige Doop) oor wat God vir ons gedoen het en steeds vir ons doen. Ons reaksie op hierdie aspek van aanbidding waar ons siele geestelik gevoed word, kan alleenlik verdere aanbidding wees – meer eer, waardering en danksegging en vir die hoop op die toekomstige bedeling waar ons in die goddelike teenwoordigheid van God feestelik sal verkeer.

Vervolg op bl. 16 en 17

Vervolg van bl. 9: **Die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys**

Roeping en verantwoordelikheid

Mnr Bester het die roepingsgedagte sterk beklemtoon deur o.m. op die ontstaan van ons volk te wys. 'n Volk van gereformeerde stand het met Van Riebeeck se koms na Suid-Afrika gevestig geraak, onder die beskikking van God-Drieënig, waarin roeping sterk figureer. Voortspruitend is daar 'n kultuuropdrag wat ten uitvoer gebring moet word. Daar word by die Gereformeerde Belydenisskrifte as eenheidsband en verweer teen dwaalleer, gestaan.

Bybelkunde is 'n verpligte skoolvak, wat geslaag moet word, met die wekroep oor wat die belangrikste en eerste is wat geweet moet word nl.: Deut. 6:4 "Hoor Israel, die Here onse God is 'n enige Here ...."

Die voorbeeld wat deur ouers gestel word is deurslaggewend, ter beklemtoning van die persoonlike verantwoordelikheid. Die vader as hoof van die huis staan in 'n priesterlike hoedanigheid en sal verantwoording doen oor hoe hy sy huis regeer het. In die BCVO is dit die beskouing dat die verbondsouers die primêre opvoeders is, met die skool self as verlengstuk daarvan. Daar

Vervolg op bl. 15

Tuisonderwys: ’n Bybelse en beter alternatief

Deur Bouwe van der Eems,
tydens die Onderwys in Krisis-seminaar te Pretoria

Eerstens is dit nie moeilik om tuisonderwys as ’n Bybelse model te beskryf nie. Deut 6:6-7 verklaar: “En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.” Tuisonderwys kan eenvoudig gesien word as ’n direkte en letterlike invulling van hierdie opdrag.

Tweedens is dit nie moeilik om tuisonderwys as ’n beter alternatief voor te stel nie. Ouers het direkte invloed oor die inhoud van die onderwys. Onderwys vind plaas binne ’n persoonlike vertrouensverhouding. Onderwys kan aangepas word na die spesifieke behoeftes van elke individuele kind. Elke kind kan vorder teen sy eie tempo. Hierdie voordele is alombekend. Daar is egter baie mense wat baie beter hieroor kan praat as ek. Daar is ’n oorvloed video’s op Youtube wat tuisonderwys goed kan verduidelik. Om die rede gaan ek nie hierop fokus nie.

Gegewe dat tuisonderwys ’n Bybelse model is, en ’n beter alternatief, sou mens kon verwag dat skole afgeskaf is in Nederland na die Reformasie. Dat kurrikulums ontwikkel is wat ouers in hulle eie huise kon gebruik. Ook dat hierdie vorm van onderwys sou oorspoel na Suid-Afrika, sodat skoolonderwys eerder die uitsondering sou wees as die reël.

Die geskiedenis het egter anders verloop. Sedert die Reformasie is daar anders gedink oor onderwys. Die denke oor onderwys is bepaal deur die volgende twee paradigmas.

Paradigma 1: Onderwys kan slegs in ’n skool geskied.

Paradigma 2: Onderwys is nie moontlik sonder die staat nie.

Toe die fenomeen van tuisonderwys op die toneel gekom het sedert die 1990’s, het dit nie ingepas in hierdie paradigmas nie. Dit het gelei tot konflik met die staat, tot so ’n mate dat organisasies soos die Pestalozzi Trust gestig is om hierdie konflikte te vermy en te hanteer. Dit het ook gelei tot konflikte in kerke; oral oor die wêreld en ook hier in Suid-Afrika.

Die Dordtse Kerkorde van 1618

Die Dordtse Kerkorde van 1618 het groot invloed gehad oor hoe daar gedink is oor onderwys in Nederland sedert die Reformasie. Soektogte vir sleutelwoorde in die oorspronklike Dordtse Kerkorde van 1618, soos dit beskikbaar is op www.reformedstandards.com is gebruik om te bepaal wat hierdie kerkorde se standpunt is oor die twee paradigmas.

Paradigma 1: Onderwys kan slegs in ’n skool geskied.
Die uitslae van soektogte is soos volg:

- Die woord “*education*” kom nie voor in die dokument nie.
- Die woord “*teach*” kom een keer voor. Art. 21 wat lui: “*The consistories everywhere shall see to it that there are good school teachers, not only to teach the children reading, writing, languages, and the liberal arts, but also to instruct them in godliness and in the Catechism*”.
- Die woord “*child*” kom voor in Art. 21. In die ander plekke waar dit voorkom handel dit oor die doop.

- Die woord “*parent*” kom slegs voor in Art. 60 wat bepaal dat ouers se naam in die doopregister opgeneem moet word.
- Die woord “*father*” kom slegs 2 keer voor in Art. 58 wat bepaal dat die vader teenwoordig moet wees by die doop. Die woord “*mother*” kom glad nie voor nie.
- Die word “*school*” kom 8 keer voor. In Art. 21 bepaal dit: “*The consistories everywhere shall see to it that there are good school teachers, not only to teach the children reading, writing, languages, and the liberal arts, but also to instruct them in godliness and in the Catechism.*” Deur die hele dokument word onderwys met skole verbind.

Dit lyk dus of die Dordtse Kerkorde inderdaad volledig in lyn is met Paradigma 1.

Dit lyk ook of die Dordtse Kerkorde in lyn is met die belydenisskrifte van daardie tyd. In die Nederlandse Geloofbelydenis kom bostaande woorde of nie voor nie, of dit word gebruik in ’n konteks wat nie met onderwys te doen het nie.

In die Heidelbergse Kategismus lyk dit of daar wel ruimtes is

vir onderwys buite skole. Oor die vyfde gebod bepaal die kategismus dat elkeen hom moet onderwerp aan die "goeie leer" van "*… vader, moeder en almal wat oor my Gestel is, …*". As Ursinus se verklaring hieroor egter gelees word, lyk dit of hierdie "*goeie leer*" hoofsaaklik handel oor gehoorsaamheid aan bevele en vermaning, eerder as die onderrig van lees, skryf en tale waarna die kerkorde verwys.

Die rede waarom onderwys as taak van die skool gesien word, word deur dr. Bouwman se boek oor kerkreg soos volg verduidelik: "*Reeds in the oudste tijden leerde de vader zijnen zoon het land te bebouwen, het vee te weiden, en leerde de moeder hare dochter de spijze te bereiden en kleeding te maaken en het huis in orde te houden. En naarmate de menschheid zich uitbreide, en de behoeftes aan verstandelijke ontwikkeling rees, gevoelden de ouders, dat zij self alleen te taak van de opvoeding en het onderwijs niet konden vervullen en zagen zij om naar hulp. Weldra vereenigden zich de ouders om gezamentlijk een opvoeder en onderwijzer aan te stellen, en – daarmede was de school geboren.*" Die paradigma was dus dat ouers in die verlede wel hulle kinders kon onderrig, maar dat dit in die samelewing sedert die Reformasie nie meer moontlik is nie, en in 'n skool behoort gedoen te word.

Paradigma 2: Die staat moet skole oprig en onderhou

Wanneer daar in die kerk oor gereformeerde onderwys gepraat word, word daar dikwels gepraat oor die driehoek van kerk, gesin en skool, en die noodsaak dat hierdie drie in harmonie moet wees. Die ware leer moet in die kerk verkondig word. Dieselfde leer moet ook met huisgodsdiens in die gesin geleer word, asook by die skool. Om dit te verseker is dit belangrik dat die kerk toesig hou oor gesinne en skole. Hierdie is 'n kragtige beeld, wat ook mooi rym met die drie Formuliere van eenheid. Daar is selfs skole in Nederland wat vernoem is na die driehoek.

In werklikheid was daar nooit veel sprake van 'n driehoek nie. Dit was altyd 'n parallelogram. Die vierde hoek van hierdie parallelogram was die staat. Die staat was verantwoordelik vir die oprig en onderhoud van skole.

Bouwman in sy Kerkrecht verduidelik dit soos volg: "*De Reformatoren sloten zich bij den bestaande toestand aan, en drongen bij de overheid aan om goede scholen op te richten en te onderhouden, opdat de kinderen in den dienst en de vreeze des Heeren souden worden onderwezen. … Overigens was het onderwijs bijna geheel afhanklijk van de overheid.*".

Sedert die Reformasie was die staat dus 'n rolspeler in gereformeerde onderwys. Tot vandag toe is dit nog so in Nederland. Op die Wikipedia-bladsy van die Vereniging voor Gereformeerde Schoolonderwys staan daar "*De afdeling bestuurenorganisatie geeft invulling aan de rol van vertegenwoordiger en belangenbehartiger van het reformatorisch onderwijs bij de overheid.*"

Die denke oor onderwys in Nederland was dus bepaal deur die paradigmas dat onderwys in skole behoort te geskied en dat skole deur die staat opgerig en onderhou moet word. Daar was egter ook geglo dat die kerk moes toesig hou oor skole. Hierdie toesig van die kerk oor die onderwys het twee dele.

- Eerstens moet die kerk skakel met die staat. Volgens Bouwman moes die kerk "aandring" by die staat. Die kerkorde verduidelik nie hoe dit presies gebeur nie. Waarskynlik is die samestelling van verteenwoordigingstrukture aan die staat oorgelaat. In Nederland geskied dit tans deur nasionale verteenwoordigers van 'n skoolvereniging.
- Tweedens het die kerk toesig gehou oor onderwysers deur middel van die klassis. Artikel 41 bepaal dat in die klassisvergadering navraag gedoen moet word oor die versorging van skole. Spoelstra sê meer spesifiek dat in die rondvraag gevra moet word of "*... die belange van die jeug deur gereformeerde skole bevorder word ...*" Art. 44 van die DKO bepaal ook dat visitatore moet bepaal of skoolonderwysers hulle pligte noukeurig nakom. Dit bepaal dat visitatore "*… take heed whether the … Schoolteachers faithfully perform the duties of their offices …*".

Alhoewel die heersende paradigma was dat onderwys in die skool behoort te geskied, was daar geen skoolplig in hierdie tyd nie. Ouers het dus volle vryheid gehad om self hulle kinders te onderrig. Onderstaande diagram gee 'n grafiese voorstelling van die onderwysomgewing in daardie tyd.

Vervolg op bl. 18

’n Evaluering van die heersende stand van onderwys vanuit Reformatoriese perspektief

Deur dr Albertus Breytenbach,
tydens die Onderwys in Krisis-seminaar te Pretoria

Historiese perspektief

Dr Breytenbach het sy referaat begin deur aan te toon dat, alvorens die stand van die onderwys beoordeel kan word, dit nodig is dat daar eers op die historiese agtergrond ingegaan word. Die Westerse onderwyserfenis moet nie sonder meer nie laat gaan word nie, maar vertroetel word, ten spyte van erkende gebreke. Ons onderwysstelsel soos ons dit vandag het, is aan die Reformasie te danke. Die Reformasie het die onderwys van destyds in ’n geheel nuwe rigting gestuur.

Drie hoofstrome wat uit die Reformasie voortgevloei het is veral die Lutherse, die Britse en die Calvinistiese, elke met sy eie beklemtoning. In die Lutherse was dit die beskouing dat die onderwys handevat met die staat, m.a.w. dat staatskole die onderwys behartig, maar met inspraak deur die kerk. In die Britse stroom is Christelike onderwys egter beperk tot die Sondagse kategismus. Aanvanklik was daar die noue koppeling tussen die kerk en die staat, maar later het ’n skeiding ingetree, wat met die Britse tradisie verband hou, wat tot neutrale staatskole aanleiding gegee het. Universiteite het tot stand gekom op mandaat van die kerk.

Die Calvinistiese opvatting is daarin gesetel dat die priesterskap van die gelowige nie slegs in die kerk nie, maar ook in die burgerlike lewe sy regmatige plek moet inneem. Elkeen behoort toegang tot die Bybel in sy eie taal te kan hê en aan almal moet onderwys gebied te word, ongeag.

Tegnologiese uitvindsels het aan die voortgang van die Reformasie stukrag verleen, deur onder meer die boekdrukkuns en die plek wat Gutenberg daarin ingeneem het.

Partikuliere bydrae van die Reformasie

Die Reformatoriese beskouing het op die belang van die redelike gekonsentreer, in samehang met die geloof en dat daar met die mistieke weggedoen moet word. Derhalwe was die klem op die belang van die wetenskap en die verbreiding daarvan binne die geloofskonteks.

Die bydrae van die Reformasie is vervolgens behandel. Die Refomasie het die onmisbare plek van moedertaalonderwys beklemtoon. Daar is daarop aangedring dat die Bybel in die eie taal beskikbaar moet wees. Rasionaal daaragter is ondermeer dat die onderwys die beste gedien word deur aan die moedertaal voorrang te gee. Daarbenewens is die taal ook die draer van die eie kultuur, aangesien ’n ander taal nie dieselfde betekenisinhoude effektief kan oordra nie.

Die huidige regerende politieke party van Suid-Afrika is eintlik baie oneerlik wanneer dit by hierdie saak kom, deur voor te gee dat hy moedertaalonderwys in beginsel bevorder, wat eintlik glad nie die geval is nie. Die Bela-onderwyswetgewing van Suid-Afrika is in voormelde opsigte uiters problematies in sy oogmerke. In wese behoort die swart tale van Suid-Afrika bevorder te word, met die oog op hoërorde denke t.w.v. die onderwys, maar dit gebeur nie.

Daardie tale kom nog nie die mas op wanneer dit by die wetenskap kom nie.

Die Nederlanders het die Bybelse geloofsoortuiging aan die grondslag van die onderwys gestel, onder invloed van die Reformasie. Die Britte was egter nie van dieselfde oortuiging nie, maar het nogtans kerkskole bevorder en Christelike universiteite het op mandaat van die kerk tot stand gekom, terwyl neutrale onderwys in die staatskole gehandhaaf is.

Daar is ’n definitiewe verband tussen Bybelse geloofsleer en priesterskap, soos wat dit ook in die formele onderwys na vore behoort te kom. Die openbare skool word in Suid-Afrika egter die ontmoetingsplek vir die geloofsoortuiging van die staat, wat in wese anti-normatief is.

Die konsep van die uitgebreide onderrigleerplan kom ewe-eens uit die Calvinisme. Die Calvinisme het afstand gedoen van die eng fokus op die klassieke benadering tot kennis. Die wetenskap in al sy geledinge is ’n winspunt van die

Calvinistiese nalatenskap, met die oog op 'n totale lewensuitkyk, binne die sfeer van die geloof. Daar word hedendaags weer 'n nostalgiese teruggryp na die klassieke benadering tot kennis ervaar, wat die onderrigleerplan wil inkrimp, maar wat 'n verskraling van die wetenskap inhou. Dáárteen moet gewaak word.

Die Middeleeuse benadering tot onderwys was veel eerder een waarin daar buite die geloofsleer van die kerkverband op eng beroepsgerigte onderwys gefokus was. Die Reformasie het die korrektief aangebring, waardeur die morele kernfokus van die onderwys teruggebring was. Dit het naamlik gestaan by die sterk fokus op die hoër geestelike. In die pragmatisme daarenteen vind ons 'n terugkeer na slegs beroepsgerigte onderwys, sonder die hoër geestelike.

Reformasie vs Verligting

'n Vergelyking tussen die Verligting en die Reformasie toon opvallende verskille. Die Verligting het die klem sterk op die oorbeklemtoning van die rede geplaas, as gevolg waarvan 'n sterk materialistiese beskouing op die werklikheid nagehou is. Die Reformasie het die klem op geloof sowel as die rede geplaas, d.w.s. 'n hoër geestelike beklemtoning en was ook uitwaarts gerig.

'n Sintese van die twee teenstellende beskouinge was deur die 'klopmakers' bewerkstellig, wat die natuurwette geformuleer het, maar nogtans met die erkenning dat hulle kon sien dat daar 'n redelike God is.

Die Verligting het egter die tafel gedek vir menseregte met strominge wat op blote feitekennis ingestel was, waarin slegs die feitelikhede as finale waarheid aanvaar sou word. In die 19de eeu word die skool boonop die 'vervoerband' vir die industrie waarin die pragmatiese oorheers. In die 20ste eeu mond dit uit in die groot denkskole van die pragmatisme.

Onderwyskundiges in die Westerse tradisie

Wat is die bydrae van onderwyskundiges in die Westerse tradisie? Dewey, het weliswaar sterk invloed uitgeoefen, maar sonder beklemtoning van geestelike of kulturele waardes. Dewey het sterk in die positivisme opgegaan. Een van die euwels is dat die kinders self moet kan besluit, wat tot praktiese verstomping lei. Piaget is die ander onderwyskundige wat 'n bepaalde invloed uitgeoefen het, veral met sy bydrae oor die stadia van kinderontwikkeling. By Godsky vind ons weer die oplewing van die konstruktivisme as punt van kritiek. Ontwikkelingsvlak en -gang word wel in gedagte gehou en daar is 'n steierwerk met genoeg onderbou, maar die leerder moet self daarteen opreik, d.w.s. sonder essensiële begeleiding. Godsky het wel beklemtoon dat ons sin moet kan maak van kennis en dat onderwys nooit neutraal kan wees nie, maar binne kultuur moet tuiskom.

Suid-Afrikaanse onderwys

In die Suid-Afrikaanse onderwys se ontwikkelingsgang het die onderwys oorspronklik binne die eerste linie van die huisgesin in die eie taal, kultuur en geskiedenis tereggekom, onder

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 11: **Die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys**

moet toegesien word dat die gereformeerde leer tuisgebring word en die hart van God geken word. Daar word immers met ewigheidwaardes gewerk.

Waarheidskennis en wêreld-beskouing

Die verskil tussen die CVO- en openbare skole is dat by eersgenoemde die ouers die primêre verantwoordelikheid vir die onderwys van hulle kinders behou het, terwyl dit in die openbare skole grootliks afgestaan is. Die verskil in benadering is dat in die openbare skool die leerder self moet ontdek, terwyl in die CVO-skool die leerling begelei word tot kennis wat in die waarheid begrond is. Die CVO-skool is op die vestiging van 'n wêreldbeskouing wat Bybelgefundeer moet wees, ingestel. Daar bestaan nie iets soos neutrale onderwys nie.

Die onderwyser sal ook eendag rekenskap moet gee. Dit gaan ten diepste oor keuses wat gemaak word. Hy het die skoolhoof se roeping as geestelike en morele leier benadruk. Die ooglopende gevaar binne die openbare skoolopset is die sinkretistiese uitgangspunt.

Ten slotte: kinders moet binne die regte onderwysomgewing aan dissipline en gesag onderwerp word. Hulle moet ook leer om vir beginsels te kan opstaan en pligsgetrou te wees. Dit gaan immers oor gehoorsaamheid aan die enige God van hemel en aarde van Wie ons ons kinders wil leer dat hulle in 'n verhouding aan hom gebind sal wees. Ons kinders moet die wekroep van die Hervorming in ons lewens kan raaksien.

Mnr Bester het sy referaat afgesluit deur te stel dat ons en ons kinders saam met Calvyn die volgende oor God moet kan sê:

> "Op sy wenk alleen skud hy die hemel met die gerommel van donderweer; met sy weerlig verteer Hy alles en met sy skigte steek hy die lig aan die brand.
> Hy maak die hemel met sy verskillende storms ontstuimig ..." (en wat daarop volg).

7. Ons lewe in 'n wêreld waar ons daagliks met naamgewing te doen het. Ons identiteit en naam is konstant deur leuens onder druk. Ons word met leuens gevoer. Jonathan Cruse stel dit treffend soos volg: "The world is feeding us lies: telling us who we are, who we should be, and what matters most." Eggo die woorde van die Satan toe hy Eva en Adam verlei het ook nie vir jou in jou gedagtes nie as jy oor hierdie aanhaling nadink nie? 'n Besondere doel van aanbidding is juis om hierdie leuens en valse identiteite weg te was/ spoel en ons 'n anderste en deeglike beskouing en uitkyk op alles en onsself te gee. 'n Belangrike punt of deel van aanbidding is waar ons geleer word wie ons werklik is – sondaarmense deur God uit hulle sondetoestand geroep, skoongewas deur die evangelie en vrylik vergewe, gelei deur God se Woord, en uitgenooi om saam met Hom in 'n ewige maal/ete fees te vier. En dan na alles en met die wete dat ons verseker aan Christus behoort, kom God in die finale instansie en gee vir ons sy naam.
8. Aan die einde van die erediens sien en hoor en ontvang ons die die seën van die Here. Ons ontvang hierdie seën deur middel van die predikant. Terloops, dis die dieselfde seën wat ons deur die doop ontvang. God herinner ons dat ons aan Hom behoort en dat ons vir altyd sy naam dra. God seën en versterk ons om ons vir die week en werk/ taak te versterk – dit is vir die verantwoordelikheid om die werk van die evangelie te doen. Indien aanbidding vir ons wys wie ons in Christus is, dan sal ons ook weet dat dit saamgaan met 'n roeping en taak. Dit vorm deel van God se plan met die wêreld en deur aanbidding van Sondag tot Sondag stap ons saam met God, saam met sy naam en dit is die seën wat ons aanmoedig om die opdrag wat Hy vir ons gee en gegee het, uit te voer. En alhoewel hierdie seën deur die predikant uitgespreek word, is dit inderdaad die werklike/ware woorde van God. Waaraan herinner dit ons? Dit herinner ons daaraan dat God almagtig is, dat Hy Skepper en verlosser deur Christus is. Hy roep ons en Hy stuur ons uit. Hy, die alfa en omega, het voorwaar die eerste en finale sê/woord – woorde van genade.
9. Is jy met ontsag vervul en roep jy met bewondering uit wanneer jy die evangelie hoor en beleef? Is jy lief vir die Here Jesus Christus? Dan sal en moet jy sing! Die persoon en werk van ons drie-enige God laat ons nie anders as om te sing en te juig nie. Ons kan nie hieroor stil wees nie, want die woord van Christus verryk ons intern. Op grond van hiervan moet ons liedere gevul wees met die Woord en niks anders as die Woord nie – Woord-gesentreerde liedere wat weer Woord-gesentreerde gelowiges vorm. Dit is liedere wat op God gerig is en nie op mense nie – op die objektiewe waarheid van God en nie op die sentimentele en oorbeklemtoning van emosies en gevoelens nie wat op sy beurt goddelike karakter ondergrawe. Enige iets wat goed voel, is nie noodwendig die waarheid nie.
10. Ons kom uit die erediens anderste as wat ons was toe ons die erediens betree het. Dis nie 'n fisiese verandering nie. Die verandering vind in die siel plaas. Die verskil is sodanig dat dit aanvanklik nie eers deur die mense na aan jou waargeneem kan word nie. Vir die Christen wat in geloof kom om te aanbid, vind daar verwondering plaas en sal dit een of ander tyd en mettertyd sigbaar wees. Dis God se wil dat ons sal verander/transformeer en heilig sal lewe (1 Tes 4:3) – beter en beter. Uiteindelik het die verandering ook 'n effek op die sigbare en hoe ons lewe. Maak dit nie jou opgewonde om die erediens by te woon nie? Onthou, ons aanbidding is gerig op God die Vader, deur die een Middelaar tussen ons en God, Jesus Christus, en deur die krag van die Heilige Gees wat in ons woon. In die erediens en deur aanbidding leer ons elke lid van die Drie-Eenheid ken – God die Vader se liefde, oordadig deur die genade in Christus oor ons uitgestort en beleef deur die gemeenskap van die Heilige Gees.
11. Om God in aanbidding te ontmoet en met Hom te vergader verg voorbereiding. Dit is so 'n betekenisvolle en belangrike gebeure dat 'n mens nie maar net vinnig en oorhaastig kan opdaag sonder om werklik na te dink oor wat aanbidding behels of waarom ons kerk toe gaan nie. Hoekom die voorbereiding? God is heilig! En God verwag van ons om heilig te wees en om gereed te wees om Hom te ontmoet. Dis 'n opdrag van God. Eks 19:10-11). Hierdie "gereed wees" beteken selfs ook dat ons nie die Saterdagaand so laat kuier dat ons Sondagoggend moeg is en dan traag is om op te staan. Of, dat ons na klere soek en inderhaas moet skarrel om betyds te wees vir die erediens. Om gereed te wees, beteken ook dat die

boodskap duidelik vir almal sal wees dat daar Sondag kerk toe gegaan gaan word, en dat dit met die regte gesindheid gedoen moet word. Meer nog! Die behoefte om kerk toe te gaan word gedryf deur 'n versoenende houding teenoor mede-lidmate en om in gemeenskap rondom God se Woord te verkeer. Aanbidding gaan juis oor versoening. Dit is waar ons God se hart en die versoeningskrag van die evangelie beleef. Waar Adam en Eva uit die paradys verban is, weg van God se teenwoordigheid, stuur God sy Seun om ons weer na Hom terug te bring – na sy voete in gebed en wagtend op instruksie.

Ek het in bostaande 32 afdelings en beskrywings ruim gebruik gemaak van die kennis en werk van Jonathan Cruse, soos ek ook na verwys het. Daar is sekerlik baie ander bronne om te gebruik om oor aanbidding na te dink en gedagtes te formuleer. Maar wat het bogenoemde afdelings met Christelike onderwys en ouers se mandaat/opdrag te make en hoekom so wyd die beskrywing? Na my mening het dit alles met Christelike onderwys te doen. Christelike onderwys begin in die huis. Verder, waar die erediens as aanbiddingsgeleentheid nie ernstig opgeneem word nie of nie getrou bygewoon word nie, het die idee van Christelike onderwys nie hoë aansien nie. En ek verwys nou spesifiek na die gesinsituasie of die siening van ouers. Uit my eie ervaring vanuit openbare onderwys het ek telkens vrae van voornemende ouers gehad wat soos volg lui: "Lees julle uit die Bybel tydens saalbyeenkomste? Open julle die dag met skriflesing en gebed?" My antwoord op beide vrae was dan 'n positiewe 'Ja'. Tog weet ons dat dit allermins die volle prentjie van Christelike onderwys is. Die vraag wat ek eerder aan ouers wil/moet vra, is: Wat is die aard van julle eie Christelike/Bybelgefundeerde onderwys by die huis op grond van julle aanbidding?

Wat ek dan hierbo probeer doen het, is juis om vir Christen gelowige ouers aan te dui dat hulle 'n wye en diep beskouing van aanbidding moet hê, dit moet verstaan, dit moet besef, dit met die nodige erns moet bejeën en ons verbondskinders daarin moet begelei en omhoog na Christus moet lei. Ons aanbidding en die erediens bepaal tog week in en week uit hoe ons ons taak Bybel-gefundeerd in die huis en daarbuite by die skool en by die werk beskou. Ons is mos nie net sogenaamde Sondag of Kersfees, of Paastyd Christene nie? Ons kom na die erediens omdat ons honger en dors na geestelike voedsel om elke dag van die week uit genade te leef en God daardeur te verheerlik. Dit is elke verbondsouer se verantwoordelikheid om hulle kind/-ers van kleinsaf breedvoerig oor bostaande afdelings en beginsels te onderrig en in te lig. En ons as ouers kry hierdie beginsels in die erediens en deur aanbidding.

Dalk wonder jy oor bostaande afdelings en lyk dit vreemd en dalk wonder jy oor my as die skrywer/samesteller – my geloofwaardigheid. Dalk is u skepties, want dit is nog nooit vir jou so aangebied nie. En dalk is jou eie sienswyse op hierdie stadium of ingesteldheid eerder om die erediens bloot as 'n samekoms van gelowiges te ervaar waar gebid, gesing en gepreek word en waar daar van tyd tot tyd doop en nagmaal bedien word. En dan kan ons byvoeg dit wat soms na die erediens gehoor word: "Die dominee het darem mooi vandag gepreek. Of, ek kon nie my oë oophou nie, want dis weer daardie dominee wat gepreek het." En dit is dit. En tog, liewe leser, daar is beslis baie meer as die oppervlakkige sienings wanneer dit by ware aanbidding kom. Die vraag na alles moet eerder wees hoe ons as ouers vir ons kinders van kleinsaf leer oor die samekoms van gelowiges/ kinders van God en wat daar gebeur. Hoe kan ons ons kinders in verstaanbare taal op hulle ontwikkelingsvlak en soos hulle ontvanklik word, leer oor ons ontmoeting met God. En hoe gaan ons die vrae wat ontstaan, beantwoord? Want verseker gaan daar vrae wees. En ken ons die antwoorde? En indien nie, waar kry ons ons antwoorde?

'n Wonderlike tradisie wat ek as kind ervaar het, was toe my pa vir ons na aandete uit die Bybel gelees het en dan moes ons elkeen iets vertel van wat ons onthou het. Ek onthou dat ek dan oor en oor 'n spesifieke versie of sinsnede in my kop herhaal het tot my pa dan op die ry afgegaan het en ons moes sê wat ons onthou. Sonder enige verwyt, dink ek vandag dat ons meer sou baat by 'n gesprek oor die gelese deel uit die Bybel en hoe dit ons aanspreek ten opsigte van ons verantwoordelikhede, die lewe en daaglikse praktyk by die skool, op die sportveld, daagliks by die huis en ook wat ons verhoudings betref.

As ouers en as deel van die doopbelofte is dit ouers se plig, nee, opdrag/mandaat, om ons kinders soos hulle grootword na die erediens te bring om God te ontmoet. Ons mag hulle nie verhinder nie. 'n Ontmoeting met God is sekerlik die diepste vorm van Christelike onderwys. Dit is tog waar ons instruksie kry en toegerus word. Met verwysing na Romeine 12:1-2, stel dr RC Sproul dit duidelik in sy grootse werk The holiness of God en ten opsigte van die vernuwing van ons denke, dat dit niks minder en meer is as onderwys nie. Hy vervolg dan met die kort en kragtige opmerking: "*Serious education. In depth education. Disciplined education*

Vervolg op bl. 18

Vervolg van bl. 13: **Tuisonderwys**

Suid-Afrika van 1652 tot 1994

In die tyd van die Reformasie is gereformeerde onderwys verwesenlik deur 'n Christelike staat wat skole opgerig en onderhou het, en Godvresende onderwysers aangestel het. Hierdie onderwysomgewing is ook aan die Kaap gevestig na die koms van Jan van Riebeeck, soos dit geartikuleer is in die belofte van Riebeeck: "Ons is hier om die wet te handhaaf en om, as dit moontlik is, onder hierdie wilde en onbeskaafde mense u ware gereformeerde Christelike leer voort te plant en bekend te maak tot lof van u heilige Naam en tot voordeel van dié wat oor ons regeer." Deurdat die staatstrukture in Suid-Afrika aanvanklik nie sterk gevestig was nie, is die onderwys dikwels aan die kerke oorgelaat, maar met tyd het die staat se invloed toegeneem.

Met die koms van De Mist het die staat neutrale onderwys ingevoer. Onderwys moes waardevry wees, en die kerk het geen invloed meer op onderwys nie. Later het die Engelse onderwys gebruik om die Engelse kultuur oor te dra. As reaksie hierop het die idee van Christelik Nasionale Onderwys ontwikkel. 'n Regering wat Christelike waardes in die moedertaal oordra.

Tydens die Groot Trek is onderwys oorwegend deur die ouers hanteer. Alhoewel daar geen rede was om te glo dat die onderwys wat tydens die groot trek gegee was minderwaardig was nie, het die ideaal egter gebly dat onderwys in skole moes geskied, wat opgerig en onderhou word deur die staat. SJ du Toit, Superintendent Generaal het die beginsels van Christelik Nasionale Onderwys gevestig in die Transvaalse Republiek.

Na die Boere-oorlog het die Britte die onderwys oorgeneem en dit gebruik om gehoorsame burgers vir die Britse Ryk groot te maak. Die ideaal van Christelik Nasionale Onderwys het bly voortbestaan en het weer momentum gekry toe die Nasionale Party die verkiesing wen in 1948. Met die invoering van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 39 van 1967 is die ideaal verwesenlik. Volgens hierdie wet moes onderwys in alle staats- en -staatsondersteunde skole 'n Christelike en bree nasionale karakter hê. In hierdie model was daar egter nie veel sprake van toesig van kerke oor skole nie. Daarom is kerkordes ook dienooreenkomstig aangepas. In die huidige kerkorde verval toesig oor onderwysers en bepaal dit slegs dat "*ampsdraers … die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder …*".[1] Ouers se insette is egter beperk tot onderhoud van die terrein en aanstelling van onderwysers. Spoelstra noem hierdie model egter " ... 'n kompromis tussen 'n Christelike ouerskool (Gereformeerd) en Christelike staatskool (Luther) ...".

Na die onluste in 1976 is die Christelike en Nasionale karakter van onderwys geleidelik afgewater.

Nie almal was tevrede met die kompromis nie. Onder die Vrye Gereformeerde Kerke is daar gereformeerde skole opgerig. In die kerke is skoolverenigings gestig wat geld ingesamel het en die skool bestuur het. Omdat alle lede in die kerk die vereniging kon ondersteun, het dit die finansiele las op ouers help verlig. Hierdie skole kan ook subsidie van die staat ontvang, en saam met daardie subsidie kom ook 'n mate van beheer. Omdat daar min privaatskole was, was die regulering van sulke skole baie lig en het sulke skole baie vryheid gegee om hulle oortuigings oor te dra.

Die heersende paradigma was steeds dat onderwys die taak van die skool is. Soos die staat gegroei het is skoolplig geleidelik ingevoer. In 1910 is in Natal wetgewing ingevoer dat alle blanke kinders tussen die ouderdomme van 7 tot 14 jaar wat nader as 3 myl van 'n staatskool gewoon het, verplig was om skool te gaan. In 1921 is skoolplig vir blankes nasionaal ingevoer. Daar kon alleenlik in uitsonderlike gevalle, waarvoor daar grondige redes aangevoor moes word, vrystelling van skoolplig aan leerlinge toegestaan word. Skoolplig is ook geleidelik uitgebrei vir alle rasse.

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 17: **Christelike onderwys en ouers se mandaat**

in the things of God. It calls for the mastery of the Word of God. We need to be people whose lives have changed because our minds have changed." Daar is geen twyfel by my nie dat hierdie ernstige gedissiplineerde onderwys waarna Sproul verwys, primêr die ouers se opdrag en verantwoordelikheid is. Die woorde uit Deuteronomium 6:7 wat lui "Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daaroor wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan", asook die woorde by die doopformulier waar die verbondsouers hardop moet antwoord op die vraag: "Belowe u en neem u u voor om hierdie kind, van wie u die vader en moeder is, wanneer hy/sy dit kan verstaan, in die genoemde leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?", is die ouers se opdrag en belofte.

1 *Die Ontstaan, verloop en toekoms van Christelik Nasionale Onderwys in Suid-Afrika*, EF van Niekerk, Nov. 1997.

Vervolg van bl. 15: **'n Evaluering van die heersende stand van onderwys**

die onmiskenbare invloed van die Reformasie. Die ouerhuis was eerste gestel en van daaruit moes die skool op dieselfde beginselbasis die formele onderwys voortsit. Christelike Nasionale Onderwys (CNO) was geloofsgesentreer, deurdat die verband tussen elke vak en die geloofsoortuiging gelê is. CNO-onderwys was op geheelkind ontwikkeling ingestel.

In die laat 20ste eeu vind ons egter die tendens dat ouers die onderwys almeer aan die skool en die kerk oorgelaat en mede-seggenskap en verantwoordelikheid laat vaar. Huisgodsdiens is grootliks laat vaar en die tuisopvoeding was nie langer geloofsgesentreer nie. Dit het tot 'n verbrokkeling tussen geloof en kennis gelei. Die heersende onderwysteorieë in die openbare skoolopset is nie noodwendig anti-christelik nie, maar wel leerdergesentreer, wat problematies is. Dit is nie meer soseer ingestel op wát geleer word nie, maar eerder op selfontdekking. Suid-Afrikaanse onderwys is tans ook konstruktivisties-pragmaties met die klem sterk op praktiese aanwendbaarheid. Hoedat kennis geïnterpreteer word, binne die geheel van die kenniswerklikheid, lei eweneens daaronder. Sedert 1994 vind ons dat daar 'n oplewing in konstruktivisties-pragmatistiese onderwys aan die orde is, met klem eerder op blote beroepsgerigtheid. Die kern van die onderwys is polities en nie geloofsgesentreer nie.

Die Bela-onderwyswetgewing het alles met die welstand van die staat en nié die welwese van die kind te doen nie, aangesien dit ideologies gedrewe is. Dit is egter nie die staat se reg om aan ouers voor te skryf wat hulle kinders moet leer nie. Ouerseggenskap behoort voorop te staan en nie die belang van die staat nie. Kurrikulumontwikkeling is 'n saak van die onderwysgemeenskap; nie van die staat nie. Tans voer die staat op outoritêre wyse die kurrikulumelemente uit.

Demokrasie het in Suid-Afrika in wese die kern van die Christelike geloofsoortuiging deur 'n politologiese kern vervang.

'n Toekomsperspektief:

Die toekoms van Christelike onderwys in Suid-Afrika gaan van die volgende afhang:

1. Dat die kerk en die Christelike gemeenskap die afskeiding van onderwys van die staat afdwing, ter wille van eie onderwysinstellings.
2. Dat ouers weer hulle verantwoordelikhied as primêre opvoeders opeis.
3. Dat Christelike onderwys apologetiek sal moet bevat, ten einde antitetiese strominge te kan aanspreek en onderwysers in hierdie opsig as toegeruste apologete moet kan optree.
4. Dat daar gewaak moet word teen teen 'n kop-in-die-sand benadering. Ouers sal moet vra na die sin daarvan om hulle kinders nog in openbare skole te hou.
5. Dat daarteen gewaak word dat die onderwyswins van die Reformasie prysgegee word.

Vervolg van bl. 18: **Tuisonderwys**

Deurdat skoolonderwys die heersende paradigma was, was daar min weerstand teen die groei in verpligte skoolbywoning en die eventuele verbanning van tuisonderwys.

Onder 'n klein gedeelte van die bevolking wat ontevrede met die skoolstelsel was, het die tuisonderwys-verskynsel ontstaan. Die invoer van skoolplig het dit egter onwettig gemaak. Dit het groeiende konflik tussen ouers en die staat veroorsaak. Op 4 Desember 1993 is Andre and Bokkie Meintjies tot tronkstraf gevonnis, omdat hulle hul kinders tuisonderwys wou gee. Alhoewel slegs die Meintjies-egpaar in die tronk beland het, was heelwat ouers voor die hof gedaag en is opgeskorte vonnisse opgelê.

Die diagram hier onder gee 'n grafiese voorstelling van die onderwysomgewing in daardie tyd. Die flits in die diagram toon waar die area van konflik is.



Finansiële bydraes aan VCHO: beroep op lede

Ons bring graag die volgende vir ons belangrike punte onder ons lede se aandag:

1. Inbetalings oor die toonbank

Ons bemerk dat daar lede is wat inbetalings as bydraes aan die VCHO oor die toonbank doen. Die bankkoste daaraan verbonde is besonder hoog. Volgens ons finansiële state van die afgelope jaar, word inbetalings in kontant oor die toonbank met hoë bankkoste belas. Op 'n bedrag van byvoorbeeld R50, die voorgestelde minimum jaarlikse bydrae aan VCHO, beloop die bankkoste in sodanige gevalle R45, wat beteken dat slegs R5 die VCHO toekom.

Ons wil ons lede in hierdie omstandighede aanmoedig – dié wat dit so kan doen – om waar moontlik, eerder elektroniese (EFT) inbetalings te doen. In hierdie geval is die bankkoste minimaal en ontvang die VCHO die grootste deel uit 'n bydrae van R50, as in voormelde gevalle. Daar word steeds voorkeur gegee aan die reël van 'n aftrekorder met die bank, in plaas van 'n debietorder.

2. Bydraes van R15 en minder per jaar

Ons wil lede verder ook vriendelik vra dat, waar dit enigsins moontlik, bydraes van R15 en minder per jaar, na tussen minstens R20 en R30 per jaar te verhoog. Dit geld eenmalige bydraes per jaar of bydraes wat oor verskeie maande versprei word, waarvan die somtotaal op R15 of minder per jaar te staan kom. Wil u nie u jaarlikse bydrae na tussen minstens R20 en R30 verhoog nie?

Ons bedank graag weereens ons lede wat gereelde bydraes maak vir hulle gesindheid teenoor ons Vereniging.



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath en Prof D.F.M. Strauss.

HOOFBESTUUR:
Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr J.A. Schlebusch (Lichtenburg), Mnr F. van Deventer (Pretoria) en mnr P. Bisschoff (Orania).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein, 9300/9301

Tel. (051) 525 2267 of (051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: hugo@vcho.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za